

# GOD HET DIE MENS AS KROON VAN DIE SKEPPING GEMAAK

## 8

### Skepping 1

BYBELGEDEELTE(S): Genesis 1 en 2

KERNVERS: Genesis 1:26 'Kom ons maak die mens ... sodat hy kan heers oor die vis... die voëls en die diere.'



#### ALGEMENE DOELSTELLING

Om God se plan met die wêreld te verstaan, moet sy skepping van die wêreld verstaan word. In Ontmoeting 8 wil eers net die basiese beskrywings van die skepping in Genesis 1 en 2 met die kinders gedeel word. Die kinders moet verstaan dat hierdie twee hoofstukke nie chronologies op mekaar volg nie, maar dat hulle twee beskrywings van dieselfde gebeure uit twee verskillende invalshoeke is. Die tema is egter dieselfde: die mens is die kroon van die skepping, of hy nou as die toppunt (Gn 1) of die middelpunt (Gn 2) daarvan beskryf word.



#### HULPMIDDELS

- 'n Groot banier/ plakkaat met die woorde WELKOM SENIORS
- 'n Banier/ plakkaat met die woorde GOD SE PLAN VIR DIE WÊRELD
- Plakkate met die kerngedagtes en -verse tot en met vandag wat aangebring kan word
- Plakkate van die eerste 6 skeppingsdae
- Twee plakkate van die twee skeppingsbeskrywings (piramide en sirkel)



#### ONTVANGS

- Die banier/ plakkaat met die woorde WELKOM SENIORS kan by die ingang na die lokaal aangebring wees.
- Die banier/ plakkaat met die jaartema GOD SE PLAN VIR DIE WÊRELD kan elders prominent aangebring wees.
- Dit is die ideaal dat die KGL's reeds teenwoordig sal wees wanneer die kinders arriveer, sodat hulle met die aanvanklike verwelkoming kan help en reeds voor die aanvang van die grootgroep kan sosialiseer en verhoudinge kan bou. Gepaste speletjies sal nie net 'n kindervriendelike atmosfeer met die intrapslag bevorder nie, maar ook die ontwikkeling van hierdie verhoudings bevorder.



#### GROOTGROEP

##### GEBED

- Vir die kinders om nou op God te fokus en die skep van 'n atmosfeer van dissipline, word aanbeveel dat reeds hier deur die grootgroepleier (GGL) met gebed geopen word.

## VERWELKOMING

- Die kinders word deur die GGL verwelkom. Dit is belangrik vir die skeep en ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding met die kinders.
- Nuwe en besoekende kinders word spesiaal verwelkom.
- Kinders wat sedert die laaste kinderkerk verjaar het, kan ook gepas geluk gewens word. Daar kan selfs vir hierdie kinders 'n gepaste, goedkoop geskenkie gegee word.

## SANG

- 'n Paar gepaste liedere kan nou gesing word.
- Die laaste lied moet by die dag se boodskap aansluit.

## LEES

- Daar kan selektiefuit Genesis 1 en 2 gelees word, met klem op Genesis 1:26.

## BOODSKAP (Hoofgedagtes)

### Inleiding

- Laas keer het ons met die Vasvra 'n geheelprentjie gekry van die Bybel waarin ons God se plan vir die wêreld kry asook van God self.
- Van vandag af gaan ons begin kyk wat God se plan vir die wêreld is soos wat ons dit in die skepping van die wêreld terugvind.

### 1. Verskillende take oor dieselfde tema

- Vra die kinders om twee-twee na mekaar toe te draai en vra hulle of hulle take dieselfde lyk as hulle 'n taak oor 'n tema moet uitwerk.




### 2. Verskillende beskrywings van dieselfde skeppingsgebeure

- Ons kry in Genesis 1 en 2 beskrywings van die skepping van die wêreld. Dit is belangrik om te onthou dat Genesis 2 nie ná Genesis 1 gebeur het nie, maar dat hierdie twee hoofstukke maar net 2 verskillende beskrywings van dieselfde skepping van die wêreld is. Dit is soos 2 take wat 2 persone oor dieselfde tema geskryf het.
- Kom ons kyk nou hoe Genesis 1 en 2 dieselfde skepping van die wêreld anders beskrywe.

### 2.1 Die skeppings van die wêreld volgens Genesis 1

- Wanneer daar in Genesis 1:2 staan dat die aarde 'heeltemal onbewoonbaar' was, staan daar in Hebreeus, die taal waarin die OT geskryf is, dat die aarde 'vormloos en inhoudloos' was. Volgens die ou Skeppingsverhale in die Ou Nabye Ooste was alles aan die begin 'n donker mengsel van modder en water, sonder vorm en sonder inhoud.
- God se plan met die skepping van die wêreld was om nou vorm en inhoud daaraan te gee. As 'n mens mooi kyk, sien 'n mens dat Hy op die eerste 3 dae deur skeiding vorm aan die wêreld gegee het en op die volgende 3 dae in dieselfde volgorde inhoud aan die eerste 3 dae se vorm gegee het. Kom kyk saam met my daarna!

- Verduidelik dat God op die eerste dag lig en die donker van mekaar geskei het en só vorm gegee het aan dag en nag. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 1 ook stilisties ingewerk is.
- Verduidelik dan dat God op die tweede dag 'n gewelf (letterlik in die denke van die Hebreër: 'n 'tentkoepel') geskep het om die waters onder die gewelf en die waters bo die gewelf van mekaar te skei en só vorm gegee het aan die see en die wolke. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 2 ook stilisties ingewerk is.
- Verduidelik dan dat God op die derde dag die waters onder die gewelf geskei het van die droë grond en só vorm gegee het aan die see en die aarde. Verder het Hy bome en plante op die aarde geskep. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 3 ook stilisties ingewerk is.
- Verduidelik dan dat God op die vierde dag inhoud gegee het aan die vorm wat Hy op die eerste dag geskep het. Vir die dag en nag wat Hy geskei het, het Hy nou die son geskep om in die dag te skyn en die maan en die sterre om in die aand te skyn. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 4 ook stilisties ingewerk is.
- Verduidelik dan dat God op die vyfde dag inhoud gegee het aan die vorm wat Hy op die tweede dag geskep het. Vir die waters onder en bo die gewelf wat Hy geskep het, het Hy nou die visse hieronder en die voëls daarbo onder die gewelf geskep. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 5 ook stilisties ingewerk is.
- Verduidelik dan dat God op die sesde dag inhoud gegee het aan die vorm wat Hy op die derde dag geskep het. Vir die droë aarde met sy plante en bome wat Hy van die see geskei het, het Hy ook nog diere en mense geskep. Maak 'n gepaste, eenvoudige prentjie daarvan en plak dit teen die muur. Vgl. die skets waarin die syfer 6 ook stilisties ingewerk is.



Ter wille van jou kan dit kortliks soos volg opgesom word:

VORM	INHOUD
Dag 1: Skei dag en nag	Dag 4: Son en maan en sterre
Dag 2: Skei see en wolke	Dag 5: Visse en voëls
Dag 3: Skei see en aarde (met plante en bome)	Dag 6: Diere en mense

- Wie mooi oplet, sal sien dat God se skepping van die wêreld daarop uitloop dat die mens die toppunt van sy skepping, soos die toppunt van 'n piramide, is. (Vgl. die onderstaande skets. Dit kan vergroot word of groot geteken word en aan die kinders getoon word.)
- Omdat die mens die kroon of belangrikste in God se skepping is, is die mens as God se verteenwoordiger op aarde aangestel om te heers oor al die ander lewende dinge wat Hy reeds geskep het: oor die vis in die see, die voëls in die lug en die diere op die aarde, met ander woorde oor alles (Gn 1:26).

## 2.2 Die skepping van die wêreld volgens Genesis 2


- Die skeppings van dieselfde wêreld word nou in Genesis 2 anders beskrywe. In Genesis 2 is die volgorde van die skepping soos volg:

die mens (vers 7)  
die tuin (vers 8-17)  
die diere (vers 19).

- 'n Mens sou kon sê dat God alles in sirkels om die mens geskep het en dat die mens die middelpunt van sy skepping, soos die middelpunt van 'n sirkel, is. (Vgl. die onderstaande skets. Dit kan vergroot word of groot geteken word en aan die kinders getoon word.)

## 3. Verskillende beskrywings met dieselfde skeppingstema

- Of die skepping van die mens nou soos die toppunt van 'n piramide (Gn 1) of die middelpunt van 'n sirkel beskryf word (Gn 2), bly die bedoeling of tema van albei beskrywings dieselfde: die mens is die kroon (die belangrikste) van God se skepping.



### Slot

- Is dit nie wonderlik om te weet dat God besluit het om die mens, ek en jy, as die kroon van sy skepping, as die belangrikste in die skepping, te maak nie?
- Ja, en al die ander mense, ook van ander kulture en gestremdes, is ook deel van die kroon van God se skepping! Hoe dink jy oor daardie mense? Is dit hoe God oor hulle dink? Hoe praat jy met en oor hulle? Is dit hoe God met en oor hulle sou praat? En hoe tree jy teenoor hulle op? Is dit hoe God teenoor hulle sou optree?



### KLEINGROEPE

#### KLEINGROEPBESPREKING

- Nadat die KGL vasgestel het wie teenwoordig is en uitgevind het hoe dit in die week met die kinders gegaan het, fasiliteer hy die vrae in die Kletsboek. Hy moet sorg dat die antwoorde op die vrae in die Kletsboek deur die kinders ingevul word.
- Die KGL moet die Tuisaktiwiteite met die kinders bespreek, hulle motiveer om dit te doen asook om 'n Bybel en skryfding saam te bring.

### AFSLUITING

- Daar kan nou in die kleingroep met gebed afgesluit word.
- Voordat die kinders uitstap, moet die groeplede (kinders en KGL's) mekaar op een of ander tasbare manier groet.